	Die Voortrekkers **AANSOEK OM LEIERSKAPPENNING – BRONS** **RIGLYN AAN SKOOL / INSTANSIE**	**Vorm T10 A** **2007**

1. INLIGTING AAN DIE SKOOLHOOF/REKTOR

Die Voortrekkers stel hierdie penning beskikbaar om vir uitstaande leierskap toegeken te word. Die bestuursliggaam of personeel van die skool / inrigting besluit finaal oor die toekenning. Die penning kan aan enige leerder in graad 7 (laerskool), graad 12 (hoërskool) of student toegeken word wat aan die volgende vereistes beantwoord:

- 'n Christelike en voorbeeldige lewenswyse voer
- Afrikaanssprekend is
- Betrokke is by kulturele aspekte en
- Wat uitstaande leierseienskappe vertoon.

2. AANWYSING VAN 'N KULTUURLEIER

Ons stel hier 'n voorbeeld van 'n keuringsproses voor. **Die skool/inrigting kan egter ook eie kriteria bepaal**.

- Die toekenning word daargestel om deelname aan kultuur as sodanig aan te moedig en om leierskapontwikkeling te weeg te bring. Die klem val daarom uitsluitlik op kultuurbeoefening en uitstaande leierskap deur die Afrikanerjeugleier.
- Kandidate word ge-evalueer ten opsigte van prestasies behaal sedert Januarie van die huidige jaar.
- Elke leerder (graad 7 en graad 12) of student wat belangstel om in aanmerking te kom vir die toekenning, vul die keuringsvorm (hierby aangeheg) in. Die keuringsvorm bevat 7 kategorieë en die totaal verskyn op die vorm.
- Die hoogste tellings behoort punt vir punt gekontroleer te word.
- Die aanvaarbaarheid van die hoogste presteerder is bepalend, m.a.w. 'n swak voorbeeld of ontoereikende persoonlikheid diskwalifiseer so 'n kandidaat.
- Die finale besluit word geneem deur die skool / inrigting op aanbeveling van sy bestuursliggaam / skoolhoof / rektor